SARL-NUUS - Sondag 20 JUNIE 2010

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. Oudio is ook beskikbaar via die internet by www.sarl.org.za. Klik op 'ARMI' en volg die skakels soos aangedui. Vir oudio via Echolink, koppel met ZS0JPL-R.

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 10,130, 7,066 en 3,695 MHz ESB. (Ander nuuslesers verander soos toepaslik.)

In die nuus vandag:

MEI 2010 RAE-ROEPSEINE NOG NIE BESKIKBAAR NIE

SARL- JEUGDAG NAELLOOP

IARU AFGEVAARDIGDES BEDRYWIG IN GENEVA VOLGENDE WEEK

BENOEM DIE CUBESAT-PROJEK

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede en ander belangrike en interessante nuusitems.

MEI 2010 RAE  ROEPSEINE NOG NIE BESKIKBAAR NIE

Die SARL moet aankondig dat roepseine vir die kandidate wat onlangs die Radioamateureksamen geslaag het, ongelukkig nog nie deur OKOSA uitgereik is nie. Die persoon verantwoordelik vir die uitreik van roepseine is, bykomend tot normale pligte, ook die verantwoordelikheid toegedeel om aansoeke vir die 2010-FIFA Wêreldbeker te verwerk, veral met betrekking tot die spektrumlisensie-aansoeke vir dié gedenkwaardige geleentheid.

Die SARL is voortdurend in verbinding met OKOSA en sal die roepseine beskikbaar stel sodra dit bekom word. U word versoek om nie direk by OKOSA navraag te doen nie aangesien dit net sal bydra tot verdere frustrasie vir u, die SARL en OKOSA - en mag selfs lei tot verdere vertraging.

Die verkryging van die roepseine geniet hoë prioriteit en die SARL werk nóu saam met die betrokkenes om die aangeleentheid so spoedig moontlik op te klaar.

ERRATUM: 160 m QSO GESELLIGHEID OP 21 JUNIE

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE: Daar is 'n drukfout in die kompetisiehandleiding: Die 160 m-geselligheid duur tot om 00:00 UTC (of 02:00 SAT) op Maandag 21Junie.

DIE SARL SE JEUGDAG-NAELLOOP

Baie dankie aan al die amateurs wat hulle huise en stasies beskikbaar gestel het vir die jeug op Woensdag. Nou moet u net verseker dat al die deelnemers 'n logstaat invul en pos na SARL se Jeugdag-naelloop, Posbus 1049, Kathu, 8446 - of dit e-pos na youthsprint@sarl.org.za voor 1 Julie. Alle deelnemers onder 26-jarige ouderdom sal sertifikate ontvang.

IARU AFGEVAARDIGDES VOLGENDE WEEK BEDRYWIG IN GENEVE

Werksgroepe 1A en 1B van die Internasionale Telekommunikasie-unie se Studiegroep vergader vanaf 21 - 28 Junie in Geneve. Een van die hoofbesprekingspunte sal handel oor die beskerming van radiodienste teen steurings veroorsaak deur die breëband-oor-kraglyne (BPL), genaamd Kraglynkommunikasie (PLC of PLT) in Europa en Afrika.

Die Internasionale Amateurradio-unie (IARU) het bydraes gelewer tot die ITU-R se verslag SM2158: "Die impak van Kraglyntelekommunikasiestelsels op Radiokommunikasiestelsels wat in die LF-, MF-, HF- en BHF-bande onder 80 MHz bedrywig is". Die verslag wys daarop dat die aanvaarbare kriterium vir verswakking van die HF-radio ruisbasis, soos gedefinieer, 0,5 dB is. Werksgroep WP1A sal fokus op die beskerming van radiodienste teen die uitwerking van BPL in die 80 - 200 MHz-spektrum.

Peter Chadwick, G3RZP, is die IARU-afgevaardigde by Studiegroep 1 en dié groep se werksgroepe. Hy het 'n verslag voorberei oor die uitwerking van intermodulasie in kragvoorsieningsbronne wat lei tot die verswakking van die amateurbandfrekwensies in die BPL-spektrum. Dié verslag is voorberei na aanleiding van werk gedoen deur Richard Marshall, G3SBA, en gepubliseer is in die RSGB se tydskrif, RadCom. Dit beklemtoon ook die probleme wat hierdie intermodulasie op die BPL-stelsel self kan hê.

Chadwick gaan ook beskermingskriteria voorhou vir amateurstasies wat in die 2 m- band. Chadwick, wat saam met Ian White, GM3SEK, hierdie kriteria help formuleer het, sê dat die amateur- en amateursatellietdienste beskerming behoort te hê in so 'n mate dat BPL-steuring nie -45 dB µV/m in die hooflob van die antenna oorskry nie, met 'n skeiding tussen antenna en die BPL-installasie van ten minste 10 m.

Chadwick sê verder dat daar 'n aantal nie-amateurdienste is wat van BPL-steuring (of sy bofrekwensies) sal ly, soos sosiale alarms vir bejaardes, roepstelle en mediese inplantings-telemetrie, asook uitsaaidienste.

Met betrekking tot opgehoopte uitstraling, sê hy die volgende rakende lugvaartnavigasie en -kommunikasie: "Wanneer die verskille tussen BPL, hooftoevoerleiding en die sosiale alarms en mediese inplantings basisstasies" - en andere - in berekening gebring word, is die aanvaarbare vlakke van uitstraling om amateurradiodienste te beskerm van dieselfde omvang as dit wat benodig word om ander dienste te beskerm .

Die SARl is 'n lidorganisasie van die IARU wat Suid-Afrikaners die geleentheid bied om te baat by die werk wat die IARU doen om amateurdienste te beskerm.

Die IARU se krag lê in sy lidorganisasies en in die ledetal van elk van hierdie organisasies. Dit is een van die hoofredes waarom radioamateurs die SARL behoort te steun deur hul lidmaatskap. As u dit nog nie doen nie, word onverwyld lid. Kry inligting by www.sarl.org.za

BESPREKINGS VIR DIE PRETORIA PIC-KURSUS IS NOU OOP

Besprekings vir die PIC-kursus in Centurion op 14 Augustus kan nou gedoen word. Volledige inligting, sowel as die besprekingsvorm is beskikbaar by www.sarl.org.za. Klik op RTA en volg die skakels. John Williscroft, ZS6EF, bied die 4-uurlange kursus aan met behulp van verskeie oudiovisuele tegnieke. Na afloop van die kursus sal u met PIC-mikrobeheerders kan werk en programmeer vir ander projekte. Laat toe vir 'n bykomende uur vir vraetyd en 'n tyd vir verversings.

Die sluitingsdatum vir besprekings is 2 Augustus. Maak asseblief seker dat u inligting op die besprekingswebwerf voorkom, indien u reeds bespreek het. Gaan na www.sarl.org.za, Klik op RTA en volg dan die skakels na die besprekingsblad.

As u inligting ontbreek, stuur 'n e-pos aan rta@sarl.org.za. Geen ander bevestiging van bespreking word uitgestuur nie.

LEERLINGE BOU HABEX-LOONVRAG

Die SciBono-ontdekkingssentrum, ZS6CI, in samewerking met die Gautengse Departement van Onderwys, het die Hoë-hoogte Ballon-eksperiment (HABEX) in die lewe geroep.

HABEX het tot stand gekom na aanleiding van die BACAR-inisiatief. Die doel is om skole in Gauteng te betrek by die ontwikkeling en konstruksie van 'n loonvrag wat tot op 'n hoë hoogte met onbemande metereologiese ballonne gelanseer gaan word. Vir hierdie doel het SciBono reeds 'n begroting goedgekeur vir die konstruksie van HABEX en toestemming is ook reeds verkry van die Sentrale Lugruimbestuurs-eenheid (of CAMU) om die ballonne op 24 Julie te lanseer. Die lansering sal vanaf die vliegveld te Klerksdorp plaasvind.

Tien skoolspanne gaan deelneem en verskeie radioamateurs het aangedui dat hulle deel wil uitmaak van hierdie opwindende projek. 'n Span radioamateuringenieurs en -ontwerpers ondersteun die skole met die ontwikkeling van loonvragte. U kan ook deelneem aan die aktiwiteite van die HABEX-lansering in 2010.

"Ons is so opgewonde oor die projek dat daar selfs gepoog gaan word om 'n wêreldrekordhoogte van meer as 38 000 m met 'n onbemande ballon te bereik," het Chris Gryvvenberg, ZS6COG, aan SARL-nuus gesê. "Om dit te kan doen, is spesiale ballonne bestel om die loonvrag tot daardie hoogte te dra. Die bou van tien loonvragprojekte is reeds aan die gang.

Gedurende die naweek van 23 - 24 Julie gaan talle radioamateurs en leerlinge uitkamp en in ware ruimteprogramstyl hul onderskeie sendings voorberei met sendingbeheer en soek-en-herwinstrategieë - en selfs 'n lanseerplatform.

Chris beveel aan dat, as u wil deel uitmaak van hierdie opwindende projek, u vir Fannie Matumba by die SciBono-ontdekkingssentrum skakel by 011 639 8400. Nog 'n hele paar opspoor-en-herwinningsspanne word benodig vir hierdie grootse projek.

'n NAAM VIR DIE CUBESAT-PROJEK

SA-AMSAT nooi radioamateurs om 'n naam voor te stel vir sy CubeSat-projek. Die projek is tydens die onlangse Ruimtesimposium aangekondig en behels die ontwerp en konstruksie van 'n CubeSat. 'n CubeSat is 'n 10 cm-kubus met 'n massa van nie meer as 1 kg nie.

Die projeknaam moet 'n enkelwoord wees in enige van Suid Afrika se amptelike tale en behoort die gees van die projek te weerspieël. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die naam wat aan die om-die-wêreld-ballonprojek gegee is, nl. "lalela", wat in Zoeloe beteken "om te luister".

Die weninskrywing sal 'n satelliethandboek ontvang. Inskrywings moet per e-pos gestuur word aan saamsat@intekom.co.za Die sluitingsdatum is 15 Julie.

UITSLAE VAN DIE ANTIEKE DRAADLOOSVERENIGING SE HF-QSO-GESELLIGHEID

AM afdeling: Wenner, Jan Botha, ZS4JAN; Tweede, Theunis Potgieter, ZS2EC, en Derde, die ADV- stasie, bedryf deur ZS6ADY.

In die SSB-afdeling was Jan Botha, ZS4JAN, die wenner, gevolg deur Pieter Bosman, ZS3AOR, en Theunis Potgieter, ZS2EC.

54 stasies het aan die AM-afdeling deelgeneem maar slegs 3 logstate is ontvang. Dit is teleurstellend as in ag geneem word die groot aktiwiteit op die bande. In die SSB-afdeling het 91 stasies deelgeneem en slegs 4 logstate is ontvang met een kontrolestaat deur ZU1BEN.

Ons bedank al die entoesiastiese deelnemers.

KLUBNUUS

Die Wes-Randse radioamateurklub hou hul volgende snuffelmark om 12:00 SAT op Saterdag 26 Junie by die klubhuis in Krotonstraat, Weltevredenpark, Roodepoort. Almal is baie welkom. Vir meer inligting kontak Joop, ZS6C, by 082 342 3280.

Die Noord-Kaap Amateurradioklub het op 16 Junie 'n Algemene Jaarvergadering by die Kathu Tegniese Kollege gehou en die volgende komiteelede is verkies:

Voorsitter: Johan Smit, ZS3AAK, Ondervoorsitter: Sian van Deventer, ZS3SVD; Sekretaris: Carel Reineke, ZU3K; Tesourier: Roy Walsh, ZS3RW; Openbare skakelbeampte: Gerhard Coetzee, ZS3TG; Jeugko-ordineerder: Hugo Coetzee, ZU3H, in samewerking met die jeuglede van die klub.

Die volgende ZS6PTA se mega-snuffelmark word aangebied op Saterdag 26 Junie by die Pretoria Motorklub in Silverton vanaf 08:00 tot 11:00. Skakel vir Almero,

ZS6LDP, by 083 938 8955 vir meer inligting of om 'n tafel te bespreek. U kan ook 'n e-pos stuur aan almero@up.ac.za

UHF-/BHF-INDABA

Die SARL bied 'n BHF/UHF/MIKROGOLF-Indaba op Saterdag 26 Junie 2010 0m 12:00 vir 13:00 by die NARS aan. Die agenda sluit besprekings aangaande BHF/UHF/MIKROGOLF=bedryf, kompetisie en kompetisiereels in. Bywoning is gratis, verversings sal bedien word en deelnemers sal aan n gelukstrekkking vi n ARRL-antennahandboek en gratis sagteware deelneem. Om reelings vlot te laat verloop, bevestig asb. voor 21 Junie deelname per e-pos aan contest@sarl.org.za.

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die sonaktiwiteitsvlak steeds laag is alhoewel 'n paar klein sonvlekkies besig is om in die noordelike halfrond te vorm. Die son is besig om uit sy diep slaap te ontwaak en daar kan heelwat hoër aktiwiteitsvlakke gedurende die volgende paar jaar verwag word. Die vooorspelde effektiewe sonvlektelling vir die week gaan minder as 10 wees.

20 m is die beste keuse vir DX gevolg deur 15 en 17 m. Gedurende die middae gaan die toestande na Indië goed wees. Gedurende laatmiddag en die aand gaan toestande na Europa ideaal wees. Kontakte met Australië raak 'n moontlikheid gedurende sonsopkoms. Ook kontakte met die VSA gaan uitdagend wees. Toestande na Brasilië en Suid-Amerika bied verskeie uitdagings.

Plaaslike toestande gaan gedurende die dag goed wees op 40 m. Met die winter hier het 30 m by 20 m oorgeneem vir kontakte oor die langer afstande gedurende die middel van die dag. Met die laer ruisvlakke is 80 m vroegoggend en laatmiddag die beste keuse, asook vir kontakte oor die korter afstande.

Saans is 80 m die beste keuse.

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

12 - 26 Junie - ZS1VTS op die lug tydens die Voortrekkerkamp; 21 - 28 Junie - IARU werksgroep-afvaardiging in Geneve; 21 Junie Bevestig deelname aan BHF/UHF/MIKROGOLG-Indaba aan contest@sarl.org.za; 26 Junie - Wesrand Amateurradioklub snuffelmark o 12:00; 26 Junie - BHF-indaba by die NARS om 12:00; 26 Junie Pretoriasnuffelmark om 0:00 by die Pretoria-moterklub in Silverton; 15 Julie Laaste dag om naam vir CubeSat-projek in te stuur; 18 Julie - Integnet om 19:30 oor BHF-/UHF-/Mikrogolf-aangeleenthede; 23 - 24 Julie - Voorbereiding en lansering van die HABEX-balloneksperiment; 24 Julie - RTA-simposium in Kaapstad; 2 Augustus Sluitingsdatum vir inskrywings vir die PIC-kursus in Pretoria; 12 - 14 Augustus - Internasionale AMA-konferensie in Dallas, Texas; 14 Augustus PIC-kursus in Pretoria; 21 Augustus - RTA-simposium in Port Elizabeth; 31 Augustus - Sluitingsdatum vir indiening van

voorstelle vir die 2011-kompetisiehandboek; 18 September - RTA-simposium in Gauteng; 30 September - sluitingsdatum vir Fase 1 van die Innovasieprojek.

SARL-nuus nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radioamateurs en kortgolfluisteraars in te stuur. Stuur dit - indien moontlik - in beide Engels en Afrikaans, na www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later as die Donderdag voor uitsending nie.

Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateurradio Mirror International wat om 10:00 SAT op 145,750 in die Pretoria-gebied uitgesaai word, met herleidings op 7 082, 7 205 en 17 860 kHz. Daar is ook 'n "podcast"-uitsending waarna geluister kan word. Vir oudiostrome en Echolink deur ZS6FCS, besoek www.sarl.org.za, klik op ARMI' en volg die skakels. 'n Heruitsending vind Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz plaas. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na 'n bulletin wat deur Leon, ZS4V, saamgestel is en geredigeer is deur Jannie, ZR6PHD.

Dankie dat u saamgeluister het, 73.

/EX